Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRFA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die INHOUDSOPGAWE om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) | |
| AFDELING B: | Drama | (35) | |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) | Beantwoord vrae oor albei kortverhale. |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) | Beantwoord vrae oor albei gedigte. |

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord TWEE vrae: EEN VRAAG uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.
   LET WEL: Indien jy AFDELING C (Kortverhale) of AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy BEIDE vrae uit hierdie afdelings beantwoord.

6. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Spandeer ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.


| **AFDELING A: ROMAN** | | | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
|---|---|---|---|---|
| VRAAG 1: | *Die Kruppel Engel* | Kontekstuele vraag | 35 | **4** |
| | | | | |
| | | | | |
| **AFDELING B: DRAMA** | | | | |
| VRAAG 2: | *Die laaste karretjiegraf* | Kontekstuele vraag | 35 | **7** |
| | | | | |
| | | | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | **Beantwoord albei vrae oor die kortverhale**. | | | |
| VRAAG: 3.1 | 'n Bed vir Johnny | Kontekstuele vraag | 18 | **10** |
| | **EN** | | | |
| VRAAG: 3.2 | Die paradysbossie | Kontekstuele vraag | 17 | **12** |
| | | | | |
| | | | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | **Beantwoord albei vrae oor die gedigte**. | | | |
| VRAAG: 4.1 | Die snoek | Kontekstuele vraag | 18 | **14** |
| | **EN** | | | |
| VRAAG: 4.2 | Ek het 'n huisie aan die Rand | Kontekstuele vraag | 17 | **16** |


**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.
**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

| **AFDELING** | | **VRAAGNOMMERS** | **VRAE BEANTWOORD** | **MERK (√)** |
|---|---|---|---|---|
| A | Roman | 1 | 1 | |
| | | **OF** | | |
| B | Drama | 2 | 1 | |
| | | **OF** | | |
| C | Kortverhale | 3 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | **OF** | | |
| D | Gedigte | 4 | 1 (2 gedigte) | |

## AFDELING A: ROMAN

***DIE KRUPPEL ENGEL*** **– Zenobia Kock**

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Daar is ’n deinserige spieëling verder aan en in die spieëling is daar ’n rooierige vlek, soos bloed op water. Die vlek word groter, onttrek hom uit die deinserigheid en word ’n rooi motor in volle vaart op die N1.

Sy lig haar hand huiwerig. Dit lyk altyd so maklik om te hike.

Met die ander hand voel sy weer die papiertjie met Rosy se adres in die Kaap.

Rosy is ant Sanna se droëpram wat haar en oompie Ketôt op hulle oudag kom bly maak het. Sy werk by Slamse wat goed is vir haar en sy bel gereeld.

Rosy het dit gemáák in die lewe.

Miskien kan sy vir die Slamse in die winkel werk. Net nie in die huis soos Rosy nie. Dan kan sy oor die pos leer. Die advertensie van die kollege wat sy uit die tydskrif geknip het, is saam met die papiertjie in haar sak.

Sy kon nie te veel in die sak sit nie. Die kleintjies is so oplettend, hulle sou gaan klik het by Ma Lettie dat sy ’n tas aan die pak is.

Toe die motor met skreeuende remme langs haar stilhou, is Tina nie onthuts nie. In die duiseling van warm swart teer en die gedagte aan bloed by die Kisonspruit is alles moontlik.

Maar sy maak ’n verskrikte geluid wat sy dadelik met ’n hoesie probeer verbloem toe die deur oopgaan en ’n seun uitklim.

Dís nie hoe ’n lift werk nie.

Die seun se gesig is net-net herkenbaar as ’n mensgesig. Die vel is droog en aanmekaargetrek, droë rowe hang tussen sy neus en sy lippe, hy het geen ooghare of wenkbroue nie en sy een skeefgetrekte oog traan.

Bl. 4

1.1 “Daar is ’n deinserige spieëling verder aan ...” (reël 1)

1.1.1 Waarheen was Tina op pad in die konteks van hierdie uittreksel? (1)

1.1.2 Wat is die oorsaak van die spieëling op die pad? (1)

1.1.3 Hoekom was Tina se besluit om die pad te vat hier aanvaarbaar in die lig van haar omstandighede? (1)

1.1.4 Waarom het Tina van haar oorspronklike plan verander? Gee TWEE feite. (2)

1.1.5 Waarom het Tina verkies om liewer by ’n Afrikaanse skool te wees? (1)

1.2 1.2.1 Wat was die eintlike rede waarom Tina se ma só ontsteld was toe sy hoor waarvandaan Tina kom? (1)

1.2.2 Waarom is dit aanvaarbaar dat Pa At ook ontsteld was toe hy hoor waarvandaan Tina kom? (1)

1.3 "... sy maak 'n verskrikte geluid wat sy dadelik met 'n hoesie probeer verbloem ..." (reël 17)

1.3.1 Watter emosie wys Tina in hierdie aanhaling? (1)

1.3.2 Beskryf die gebeure wat in die verlede plaasgevind het wat tot hierdie emosie by Tina aanleiding gegee het. Gee DRIE feite. (3)

1.4 Ant Merlin het 'n alkoholprobleem gehad.

1.4.1 Hoe het Ant Merlin tot die jarelange innerlike konflik in Tina se lewe bygedra? (1)

1.4.2 Watter onmiddellike gevolge het hierdie onverantwoordelikheid van Ant Merlin in Jakob se lewe gehad? (1)

1.4.3 Hoe voel jy moes daar teen Ant Merlin opgetree gewees het nadat sy só onverantwoordelik opgetree het? (1)

1.4.4 Watter negatiewe gevolge het hierdie skuldgevoel later op Tina se skoolwerk gehad? Gee DRIE feite. (3)

1.4.5 Watter waarheid, wat aan die einde van die roman aan Tina oorgedra is, het die skuldgevoel in Tina finaal gelig? (1)

**EN**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

"Staan by die koöperasie," sê Andries. Al het hy graad tien gedop, vra Tina liewers vir hom raad voor sy enigiemand anders vra. Hy is die een wat die kleintjies troos en die juffrou se tas dra. "Baie keer kom die boere op 'n Vrydag dorp toe, dan kan jy lift kry huis toe saam met hulle. Moet nou net nie met 'n tas daar kom nie. Jy kan nie wil wasgoed huis toe vat nie."
Maar daar is geen meneer Coetzee om te vra vir 'n lift Vrydag na skool nie. Tina staan teen die muur van die koöperasie saam met ander plaaswerkers wat vir hulle werkgewers wag, maar dié het darem vaste reëlings.
Ant Ketlin en uncle David het gesê sy kan daar kom bly as sy nie lift kry nie, maar niemand het gepraat om hulle te betaal as sy daar bly nie; sy weet dat hulle verlig sal wees as sy nie kom nie. 'n Ekstra mond om kos te gee is nie maklik nie.
Die werkers praat haar moed in toe sy teen vieruur besef dat die kanse skraal is dat meneer Coetzee nog sal dorp toe kom. "Watter ander boer bly daar naby?" vra een moederlike vrou. "Jy kan mos saam met hulle ook lift vra."

Bl. 35

1.5 "Staan by die koöperasie," sê Andries.

In watter moeilike situasie het Tina haarself hier bevind? (1)

1.6 Waarom was Tina nie baie gretig om by Ant Ketlin-hulle te slaap nie? (1)

1.7 "Ant Ketlin en uncle David het gesê ..." (reël 9)
"Jy kan mos saam met hulle ook lift vra." (reël 15)

1.7.1 Waarom is die gebruik van die Engelse woorde aanvaarbaar in hierdie roman? (1)

1.7.2 Wat het dit vir Tina só moeilik gemaak om 'n "lift" by Stefaans te vra? (1)

1.8 Waarom stem jy saam dat Tina vir Stefaans as "Meneer" aangespreek het? (1)

1.9 Die volgende gebeure hou verband met die verhouding tussen Tina en juffrou Dale.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Juffrou Dale het vir Tina met haar besigheid gehelp toe sy teëspoed kry.
- Juffrou Dale het haar van haar herinneringe aan haar biologiese ouma vertel.
- Tina het 'n spotprent in juffrou Dale se klas geteken.
- Juffrou Dale het vir Tina gevra om haar blommemeisie te wees. (4)

1.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.10.1–1.10.3) neer.

| |
|---|
| algemene kennis; tjokbrokke; tjips; luistervermoë; verdubbel; vermeerder |

Tina wou 'n radio met die wins van die (1.10.1) ... koop. Die radio sou dan haar (1.10.2) ... verbeter. Stefaans sê hy gaan die winste wat sy maak (1.10.3) .... (3)

1.11 Kies die naam uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.11.1–1.11.4) en die letter (A–E) neer, bv. 1.11.2 B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Hierdie karakter was een van Tina se vennote by die entrepreneurs-projek | A | Andries |
| 1.11.2 | Tina het hierdie karakter se mening gevra wanneer sy raad soek | B | Juffrou Dale |
| 1.11.3 | Tina het hierdie karakter met hom/haar Wiskunde gehelp | C | Lindiwe |
| 1.11.4 | Hierdie karakter was altyd baie uitgesproke | D | Loisie |
| | | E | Hanmarie |

(4)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DIE DRAMA

***DIE LAASTE KARRETJIEGRAF*** **– Riana Steyn en Athol Fugard**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

KOOT: Maar nou, nou is dit alles tot niet. Ja, nonna! Koot weet hy het daai wêreld ook aan die dood afgegee. Dit lê hier saam met my ma ... hier in die grond gebêre. Daar’s nie plek vir ’n karretjieman in hierdie nuwe doen en late van ons geboorteland nie ... wat nog te sê vir een met sulke flenter hande.

SARAH: So ... wat nou, Koot?

KOOT: Tamatiestraat, my nonna. Dis nou my wêreld.

SARAH: Maar ... wat is daar in Tamatiestraat om voor lief te wees?

KOOT: My kinders, my nonna. Hulle is daar. Ag, my nonna, daar is tog altyd iets waarvoor mens lief kan wees. Toe ek uit die tronk uit stap, was daar nêrens anders waarheen ek kon gaan nie. Net Tamatiestraat het oorgebly. (*Skud sy kop.*) Op dees aarde! Daardie eerste dae hier! Wat ek en Anna so van die een na die ander pozzie geloop het ... op soek na ’n plekkie waar ons kon inkruip vir die nag... met net een kombers vol gate vir die twee van ons om onder warm te bly... Dit was bitter swaar. Maar, nou ...?

SARAH: Maar wat van jou kinders, Koot? Moet hulle ook nou aanvaar Tamatiestraat is hulle enigste heenkome?

KOOT: Nee, my nonna. Hulle sal seker ’n plan maak om hier weg te kom. Mense praat ... en sê daar is plek vir hulle in dié nuwe land ... hierdie een waaroor mense so baie praat. Ek sê hulle maar julle sal regkom as julle hard werk, al die dinge in die skool doen wat jy moet. En ek glo jy weet, my nonna ... daar is ander karretjieskeerders, saam met hulle vrouens en kinders ... ook daar in Tamatiestraat. En ... Anna is daar. As ek net ’n paar sinke bymekaar kan kry, dan maak ek ons eie pozzie vir ons daar. Jy moet weet, my nonna, ek het nie meer trane oor nie. Die laaste een het ek daar in die tronk uit my oog gevee. Maar lag? Ja, ek kry darem nog reg om so bietjie plesierig te wees.

*Outjie en Rokkies kom die toneelvlak binne en maak gereed vir hulle speletjie.*

Bl. 49 en 50

Kopiereg voorbehou 

2.1 KOOT: “Maar nou, nou is dit alles tot niet.” (reël 1)

2.1.1 Wat was die “dit”, waarna Koot hier verwys, in die konteks van die uittreksel? Gee TWEE feite. (2)

2.1.2 Waarna verwys “hierdie nuwe doen en late van ons geboorteland” (reël 4)? (1)

2.1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.

Koot het gevoel dat daar nie meer plek vir die karretjiemense gaan wees nie, want ... (die boere het nuwe tegnologie gebruik / die karretjiemense wou nie meer hard werk nie). (1)

2.2 KOOT: “... sulke flenter hande ...” (reël 5)

2.2.1 Wat was die oorsaak vir Koot se flenter hande? (1)

2.2.2 Waarom sou jy nie met Koot oor sy flenter hande simpatiseer nie? (1)

2.2.3 Watter effek het sy flenter hande op hom as ’n man gehad? (1)

2.3 KOOT: “Maar nou ...” (reël 1)

2.3.1 Watter emosie openbaar Koot in die eerste vyf reëls van hierdie uittreksel? (1)

2.3.2 Watter verandering in emosie word deur die woord “maar” in reël 1 gesuggereer? (1)

2.3.3 Hoe spoel Koot se moorddadige optredes oor in sy kinders se lewens? (1)

2.4 KOOT: “Dit lê hier saam met my ma ... hier in die grond gebêre.” (reël 2)

2.4.1 Noem ten minste DRIE karaktertrekke van Ouma Mieta. (3)

2.4.2 Waarom was Koot só hartseer oor sy ma se dood?
Gee TWEE feite. (2)

2.5 KOOT: “Tamatiestraat, my nonna. Dis nou my wêreld” (reël 7)

2.5.1 Wat is die algemene gevoel wanneer ’n mens jouself in Tamatiestraat bevind? (1)

2.5.2 Wat was Sarah se opinie oor die feit dat Koot-hulle in Tamatiestraat woon? (1)

2.5.3 Watter positiewe gevoel het Koot oor Tamatiestraat gehad? (1)

2.5.4 In watter opsig stem die huis wat Koot hier bou ooreen met dié van die karretjiemense? (1)

2.6 KOOT: "Die laaste een het ek daar in die tronk uit my oog gevee." (reël 27)

2.6.1 Waarom sou jy nie met Koot saamstem oor sy bogenoemde stelling nie? (1)

2.6.2 Wat sê hierdie stelling oor Koot se nuwe uitkyk op die lewe? (1)

2.6.3 Waarom is dit waar dat Koot genoeg rede gehad het om trane in die tronk te stort? Verwys na TWEE insidente in sy verlede. (2)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.7) en die antwoord neer.

Sarah speel die rol van 'n karakter sowel as 'n (verteller / student) in hierdie drama. (1)

2.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.8.1–2.8.3) neer.

| hoop; alkohol; karretjieslewe; hartseer; desperaat; liefde; |
|---|

Hierdie drama bewys dat (2.8.1) ... nie die oplossing vir 'n probleem is nie. Toe Pinkies die karretjie opkap, was hy baie (2.8.2) … Sarah se laaste gesprek met Koot, het haar nuwe (2.8.3) … gegee. (3)

2.9 Die volgende hou verband met die gebeure rondom Koot en sy gesin in hierdie drama.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Toek-Toek het die hond doodgekap.
- Koot het Katryn met 'n skêr doodgesteek.
- Koot het Flora met 'n kierie doodgeslaan.
- Sarah het Koot-hulle as 'n doktorsgraadstudent besoek. (4)

2.10 Kies die emosie uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.10.1–2.10.4) en die letter (A–E) neer, bv. 2.10.2 B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.10.1 | Sarah het gehoor Koot het 'n nuwe vrou. | A | Belofte |
| 2.10.2 | Koot moes hard werk vir sy familie. | B | Hoop |
| 2.10.3 | Koot het in 'n plakkerskamp gaan bly. | C | Afstomping |
| 2.10.4 | Die kinders gebruik vloekwoorde in hierdie drama. | D | Angstig |
| | | E | Hartseer |

(4)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: KORTVERHAAL

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Beantwoord BEIDE vrae oor die kortverhale.

**’n Bed vir Johnny – Jeanetta Basson**

**TEKS D**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Kô, Johnny, kô! Wat vat djou soe lank?”
Terug by die venster gee Johnny die skootrekenaar deur die diefwering vir Moerat aan.
“Kô, Johnny, druk deur djou kop! Ek trek an hierie kant.”
Maar Johnny sukkel. Hier binne is nie ’n verfblik om op te staan nie.
“Kry vi’ djou ’n stoel da’ binne”. Moerat is senuagtig, ongeduldig.
Johnny sleep die stoel nader en beur sy kop tussen die tralies. Moerat trek.
Maar dan gaan daar ’n helder lig aan en af in die agterplaas. ’n Blou lig.
“Sout! Da’ stiek ’ie *law* yt!” Moerat is paniekerig.” Ek gat gooi!”
“Moerat! Wat va’ my?! Jy kan my mossie lossie!”
Moerat is bloedig kwaad. “Johnny, da’ issie tyd ’ie! Ek moet gooi! Sorry, jong, ma djy ga’ nie my tama nie!”
Johnny sien die pistool blink in Moerat se hand. Hy ruk sy kop weg toe die vlam by die bek uitspring, maar sy lyf is skielik lam.
“Oompie!” Hy roep so hard hy kan. Oompie is net om die hoek. Maar daar kom geen geluid uit sy mond nie. Hy val teen die rusbank.
Die venster klap toe. Daar is iemand daar buite.
Oompie kyk vir hom deur die ruit.
Hy wink, kom.
“Die sinke is opgesit, Jônnie, jou bed is reg!”
Hy hoor Oompie se woorde, maar verstaan nie wat hy sê nie.
Hy ís dan by die huis. Hy lê dan klaar op ’n bed.

Bl. 22

3.1 Watter soort verteller is in hierdie kortverhaal aan die woord? (1)

3.2 Watter sosiale probleem word in hierdie uittreksel uitgewys? (1)

3.3 Wat dui aan dat hierdie kortverhaal in die Kaap afspeel? (1)

3.4 Verduidelik die innerlike konflik waarmee Johnny worstel toe Moerat hom nader om vir hom ’n “gunsie” te doen. (1)

3.5 “... druk deur djou kop.” (reël 4)

Wat doen Moerat sodat Johnny se kop wel deur die diefwering gaan? Gee TWEE feite. (2)

3.6 Noem DRIE dinge in Moerat se lewe wat volgens hom bewyse van ’n “lekker” lewe is. (3)

3.7 Hoe het Johnny tydens die inbraak bewys dat hy ’n opportunis is? (1)

3.8 “ ’n Blou lig.” (reël 8)
Daar is verskeie ligte in hierdie verhaal. Wat het die:

3.8.1 groen lig en die (1)

3.8.2 blou lig vir Johnny in hierdie kortverhaal gesimboliseer? (1)

3.9 Die volgende gebeure hou verband met die verhouding tussen Johnny en Oompie Daars.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Oompie Daars het Johnny teen kriminele aktiwiteite gewaarsku.
- Oompie Daars het ’n vuurtjie teen die koue gemaak.
- Oompie Daars het die helfte van die appel en die droë brood vir Johnny gegee.
- Oompie Daars het vir Johnny ’n jas teen die koue gegee. (4)

3.10 Dink jy Johnny het die regte keuse gemaak toe hy op die strate bedel in plaas van om op skool te wees? Motiveer jou antwoord. (1)

3.11 Hoe het Johnny se wens ‘waar’ geword om eendag in sy eie bed te slaap? (1)

**EN**

**DIE PARADYSBOSSIE – Marietjie Kotzé**

**TEKS E**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Sondagmiddae kom die familie gewoonlik koffie drink.

“En daarom kan ons eenvoudig nie anders nie, ons sal ’n ander plan moet maak,” sê Elfie se ma, dié keer vir die familie. “Jasper het die vakansiereëlings maande gelede getref en goeie akkommodasie is skaars.”

“Bowendien het Aletta die vakansietjie broodnodig, met die huishouding, die baba én Pa om te behartig ...” sê Elfie se pa.

“Maar natuurlik!” stel die familie hulle gerus. Wéét hulle dan nie: die bejaarde word by die dag moeiliker - godsman of nie. Party dae moet jy hare op jou tande hê, en die gedaante van ’n engel. Derhalwe is daar net een plan; sy tagtigste verjaarsdagviering word vervroeg, maar sonder sy medewete, om vredesonthalwe.

Elfie se pa en ma lyk verlig. Hulle is ook maar net van vlees en bloed.

En probeer ook tog hul bes.

Elfie neem vir haar oupa sy tee na die kamer, want dis vir hom te koud daar op die stoep. “Mammie,” sê hy toe hy haar daar in die deur gewaar,” het jy nou onthou om Boetman se klasgeld te stuur?”

Elfie sit die koppie langs hom neer. “Oupa,” sê sy, “dis ek.” Hy kyk dwarsdeur haar. “Ons moenie laat slap lê nie, Menere. God verwag dat ons sal werk.”

Bl. 170

3.12 Elfie ervaar ’n winterseisoen in haar lewe.

3.12.1 Hoekom het sy hierdie spesifieke winter as “muf” in haar lewe beskryf? (1)

3.12.2 Wat was die sonde, volgens Elfie, waaraan die grootmense hulle hier skuldig maak? (1)

3.12.3 Hoekom sou jy met Elfie verskil dat, as sy aandag aan die witkopseun sou gee, dit ook sonde sou wees? (1)

3.13 “Jasper het die vakansiereëlings maande gelede getref ...” (reël 3–4)

3.13.1 Wat was die eintlike waarheid wat die grootmense hier doelbewus geïgnoreer het? (1)

3.13.2 Waarom wou hulle volgens die uittreksel nie vir oupa vroegtydig oor hul geheime planne inlig nie? (1)

3.13.3 Gee ’n bewys uit die uittreksel dat Oupa aan ouderdomsiekte gely het. (1)

3.14 "God verwag dat ons sal werk." (reël 18–19)

Hoe verklap hierdie woorde Oupa se beroep wat hy al die jare beklee het? (1)

3.15 Kyk na die titel van hierdie kortverhaal.

3.15.1 Wat gebeur met die paradysbossie wat hierdie keer heeltemal abnormaal was? (1)

3.15.2 Wat was die simboliese betekenis vir oupa as hierdie natuurverskynsel elke jaar op sy verjaarsdag plaasgevind het? (1)

3.15.3 Watter emosionele verandering het Elfie ondergaan toe sy hierdie bonatuurlike verskynsel hierdie jaar op Oupa se vervroegde verjaarsdagvieringe aanskou het? (1)

3.16 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.16.1–3.16.3) neer.

| twaalf; smal; winterasters; rooi rose; breë; dertien |
|---|

Elfie is ouer as (3.16.1) … jaar oud. Sy glo aanvanklik dat sy haarself op die (3.16.2) ... pad bevind. Die handvol (3.16.3) ... wat sy steel, is 'n bewys hiervan. (3)

3.17 Kies die naam uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (3.17.1–3.17.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.17.2 B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.17.1 | Hierdie karakter se houding teenoor Elfie het verander nadat die paradysbossie "ontydig" geblom het | A | Pa |
| 3.17.2 | Hierdie karakter het dringend 'n vakansie nodig gehad | B | Oupa |
| 3.17.3 | Hierdie karakter het tevrede gevoel toe die paradysbossie blom | C | Nurse |
| 3.17.4 | Hierdie karakter het ekstaties gevoel toe die paradysbossie blom | D | Ma |
| | | E | Elfie |

(4)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Beantwoord die vrae oor BEIDE die volgende gedigte.

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg**.**

**TEKS F**

**DIE SNOEK – Nico Elandsbaai**

Ons in die roeiboot, jý
die roeier, sê hoe om te maak
met die handlyn: gee kort rukkies
en as jy een voel, ruk vinnig, hard. Pluk
hom in die boot, gryp
– versigtig vir die tande!
– en druk hom onder jou arm in vas
vir die hoekuithaal
en die nekbreek.

Maar hoe kon ek weet
hy's so vasgebyt aan die lewe
meer nog as aan die hoek?
hy sou veg met sy hele lyf,
sy stert sou swingel
sy kiewe gulp
na waterlug, sy oë
snags sou aanhou staar?

4.1 4.1.1 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat bewys dat die spreker homself nie in 'n moderne boot bevind nie. (1)

4.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.1.2) en die antwoord neer.

Die emosie by die spreker in strofe 1 is (afwagting/vrees). (1)

4.1.3 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 3? (1)

4.1.4 Sê in jou eie woorde watter ander taak die roeier in hierdie gedig het. (1)

4.1.5 Die volgende gebeure hou verband met die spreker se visvangervaring.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die spreker breek die snoek se nek.
- Die spreker voel snags ongemaklik oor wat hy aan die snoek gedoen het.
- Die spreker kry instruksies oor hoe om vis te vang.
- Die snoek spartel om aan die lewe te bly. (4)

4.1.6 Wat is die funksie van die inkeping by reël 10? (1)

4.1.7 Die spreker voel anders in strofe 2 as in strofe 1.

(a) Watter woord in strofe 2 berei ons voor dat die spreker nou anders gaan voel? (1)

(b) Wat is die gevoel wat die spreker nou ervaar? (1)

4.1.8 Watter reël dui daarop dat die vis se wil om te lewe sterker is as sy byt aan die hoek? Haal die reël aan. (1)

4.1.9 Die snoek veg met sy hele lyf om aan die lewe te bly.

(a) Haal EEN bewys aan om bogenoemde stelling te bewys. (1)

(b) Watter stylfiguur beklemtoon hierdie desperaatheid by die vis? (1)

4.1.10 Watter leefstyl van die mens word deur hierdie gedig gekritiseer? (1)

4.1.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.1.11(a)–4.1.11(c)) neer.

| vrye vers; aanhoudende; in die aand; in sy slaap; retoriese; sonnet |
|---|

Hierdie gedig se gebrek aan ’n vaste vorm is kenmerkend van ’n (a) ... Dis die (b) … vrae wat die emosionele stryd in die spreker demonstreer en wat hom veral (c) … pla. (3)

**EN**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

**EK HET ’N HUISIE AAN DIE RAND – Pirow Bekker**

Ek het ’n huisie aan die Rand. Dis nag.
Ek het my huisie tweemanhoog ommuur;
’n draad gespan; ’n kopbeen sê: Bly weg!
Dit is ’n fort waar ek my saans verkans.

Daarbuite hoor ek mense hardloop, skote knal,
deure klap, rubberbande snerp op teer.
Dan stilte. Daarbuite hoor ek ruite val
(of is dit binne waar diefwering makeer?).

Ek het ’n huisie aan die Rand. Dis nag.
My huis, my paradys, bly lekker onversteur.
Kyk hoe blink die koppe aan my draad:
tot hier dring niemand, maar niemand deur.

Ek het ’n huisie aan die Rand. Dis nag.
Die alarm by die Trellidor hou knipoog wag.

4.2 4.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.2.1) en die antwoord neer.

Op grond van die uiterlike bou kan ’n mens sê dat hierdie gedig ’n (Italiaanse/Engelse) sonnet is. (1)

4.2.2 Waarom is dit waar dat hierdie gedig ’n voorbeeld van intertekstualiteit is? (1)

4.2.3 Noem DRIE dinge wat die spreker gebruik om homself in die huisie te beskerm. (3)

4.2.4 Watter sosiale probleem word deur hierdie gedig aangespreek? (1)

4.2.5 Waarom sou jy sê is die gebruik van die kopbeen hier baie effektief? (1)

4.2.6 “Dis nag” in strofe 1 help om die spanning te verhoog.

Watter TWEE opeenvolgende woorde in strofe 2 help om dieselfde effek te verkry? (1)

4.2.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.2.7) en die antwoord neer.

“My huis, my paradys, bly lekker onversteur,” in reël 10, weergee ’n gevoel van (genot/selfvertroue) by die spreker. (1)

4.2.8 Hoe word die onsekerheid by die spreker in strofe 2 beklemtoon? (1)

4.2.9 Die spreker ervaar verskillende emosies in die gedig.

Watter emosie ervaar die spreker in die eerste twee strofes? (1)

4.2.10 Dink jy die spreker slaag daarin om homself te oortuig dat hy veilig in sy huisie is? Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

4.2.11 Watter figuurlike betekenis kry "die Rand" in die titel van hierdie gedig? (1)

4.2.12 Kies die term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (4.2.12(a)–4.2.12(d)) en die letter (A–E) neer, bv. 4.2.12(a). B.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | Die spreker se geloof in sy huisie om hom te beskerm | A | Eindkoeplet |
| (b) | Hy voel veilig in sy huisie terwyl dit buite onveilig is | B | Binnerym |
| (c) | Die funksie van die verkleiningsvorm van huis<u>ie</u> | C | Bedreiging |
| (d) | "My huis, my paradys ..." | D | Kontras |
| | | E | Metafoor |

(4)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou